## * HAP-EN-TRAP met "JUMBO SALE" en TEETUIN *

'n Heerlike geleentheid om na uit te sien! Op Saterdag **28 Mei 08:00 tot 12:00** kuier ons lekker saam in die kerksaal! Daar gaan allerlei gebruikte goedere te koop aangebied word. Ook klere en beddegoed. Nooi almal uit om te kom inloer! Daar's ook 'n teetuin met heerlike drinkgoed, skywe koek of tert en soutigheid—net vir R20! Allerlei Hap-en-Trap eetgoed word ook verkoop: pannekoek(R4), hamburgers(R15), Kerrie Vetkoeke(R10) en basaarpoeding(R10). Kom kuier saam en geniet die heerlike eetgoed. Ons gemeente het hierdie fondsinsameling nodig om ons begroting te laat klop!

**Hoe kan jy help?**

⇒ Ons het hande nodig om te help verkoop.

⇒ Ons benodig mense om Vrydag die items te help merk.

⇒ Ons het bydraes van tweedehandse klere, beddegoed, en alle ander wit olifante dringend nodig. Bring jou bydraes Vrydag vanaf 08:00 na die saal.

⇒ Ons het ook koekmeel, kookolie, suiker, poedings en uie nodig. Gee af by ds Danie of die kerkkantoor.

⇒ Vertel vir almal wat jy mee praat van hierdie geleentheid en moedig mekaar aan om hierdie Saterdag by die kerk te eet en nie elders kitsetes te koop of koffie te drink nie



© Can Stock Photo - csp17044060

⇒ Bring jou vriende en kom kuier saam!

⇒ Sê ook vir jou tuinhulp en huishulp van die Jumbo Sale.



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 1 Mei 2016**

*"Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees". (Kolossense 3:12)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Studentebearbeiding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen kinderkerk—langnaweek. Geen 9 kategese agv langnaweek. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader nie vandag.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Danie) en **09:30** op Vleesbaai (Ds André). **18:00** PINKSTERBIDUUR in die kerkgebou (ds Robert).

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese soos deur ds André gereël. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert.

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Bybelverspreiding.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandaggroep vergader nie. Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die kerksaal.
Woensdag om 18:30 selgroep by Bolandpark.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr, huis van Annie van Zyl.
Donderdag om 09:00 Vleesbaai Bybelstudie en Boekleesgroep om 19:00 te 19de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Danie).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).
HEMELVAART — erediens om 18:00 in die kerkgebou.



## BELANGRIKE INFO

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Kinderkerk was R1 835-10.

**LIDMAATSKAP ONTVANG:** Francois P Lourens en Fran-Mari Lourens (doop) vanaf Hartenbos—Diazstrand.

**VLEESBAAI:** Onthou Vleesbaai se eredienste is nou 09:30.

**TIENERS:** Onthou Sondagaand van 18:00-20:00 in die gat onder die verhoog in die kerksaal. Daar is al 'n mooi klompie tieners wat heerlik saamkuier. Kom gerus en bring 'n maat as jy wil!

**OESMAAND KOSKAS:** MEI **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**WEBWERF:** Ons gemeente het weer 'n aktiewe webwerf. Besoek gerus www.suidkerkmsb.co.za en gee dit ook vir vriende of kinders in die buiteland om op dié manier op hoogte te bly.

**SING 'N NUWE (SA) LIED!** Die kerke van Suid-Afrika beplan 'n groot versoeningsveldtog in die land saam met organisasies wat die leiers van die 1976-jeugopstande en die diensplig-generasie verteenwoordig. Die tema, na aanleiding van Psalm 98, is: Sing 'n nuwe (Suid-Afrika) lied! Die veldtog begin met 40 dae van gebed van 7 Mei tot 15 Junie. Op 16 Junie word die Soweto-opstand van 1976 herdenk, as begin van 'n proses van versoening en heling wat deurloop tot op Versoeningsdag op 16 Desember (ons gee later meer inligting).

**ACVV KENANI:** Sondag, 8 Mei Moedersdag teelepel-ete om 12:00 by die ACVV Kenani Groot saal, Alphastr 7. Koste R90 per persoon.

**PINKSTER RIGLYN:** Pinkster en gebed is sinoniem sedert die gebeure in Hand 1 en 2. Jerigo Mure roep die kerk op om vir 10 dae gefokus te bid (5-15 Mei). Neem gerus 'n riglyn in die portale as u daaraan wil deelneem.

**NG KANGOVALLEI:** Basaar op Saterdag, 7 Mei om 10:00. Schoemanshoek, Oudtshoorn.

*<u>Kerkkantoor sal gesluit wees op:</u>*

*Maandag, 2 Mei—vakansiedag*
*Donderdag, 5 Mei—Hemelvaart*




***Bankbesonderhede***

| | |
|---|---|
| *Dankoffers:* | *Absa Mosselbaai, 207 058 0031* |
| *Geloofsoffers:* | *Absa Mosselbaai, 207 016 7886* |

***SAAMKUIER NA DIENS:*** *Lekker filterkoffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar.*



## PINKSTERPROGRAM 2016



Ons nooi u hartlik uit na ons Pinksterdienste. Die dienste in die kerkgebou is om 18:00 en die dienste by Santos Haven is 15:30. Ons gaan lekker vooraf saamsing en na die dienste kuier om 'n koppie sop en 'n broodjie. Nooi gerus u vriende en families saam.

Die program vir die **kerkgebou** is as volg:
**Tema**: Waarmee is God besig.

| | |
|---|---|
| Sondag, 8 Mei: | God drie-enig steeds aan die werk! |
| Maandag, 9 Mei: | Jesus stuur die kerk: 'n gestuurde gemeente. |
| Dinsdag, 10 Mei: | In 'n wêreld vol swaarkry. |
| Woensdag, 11 Mei: | Volgelinge wat anders as die wêreld is . |
| Donderdag, 12 Mei: | God het die wêreld lief – menswaardigheid |
| Sondag, 15 Mei: | God het die Kerk lief – daarom red Hy en roep Hy – en rus die Gees ons toe |

Die program vir **Santos Haven** is as volg:
**Tema:** Lééf saam met God!

Sondag, 8 Mei: God roep ons om met Hom saam te leef! (Eks 3: 1-15)
Maandag, 9 Mei: Leef in vertroue saam met God. (Eks 5-9)
Dinsdag, 10 Mei: Leef saam met God in ontwrigting. (Eks 16: 1-18)
Woensdag, 11 Mei: Sonde is nie regtig saamleef nie. (Eks 32:12-23)
Donderdag, 12 Mei: Kies vir hierdie lewe! (Eks 33: 7-17)

***# Dienste om 15:30** in die sitkamer by Santos Haven 1.*

### VLEESBAAI PINKSTERPROGRAM



**Tema:** Leef in die skatkamers van die Gees

| | |
|---|---|
| Sondag, 8 Mei, 09:00 | God se skatte is vir jou Efes 1:1-14 |
| Maandag, 9 Mei, 18:00 | Gebed verander sake Efes 1:15-23 |
| Dinsdag, 10 Mei, 18:00 | Twee soorte mense Efes 2:1-10, 17-19 |
| Woensdag, 11 Mei, 18:00 | Toets of jy in die skatkamer leef Ef 4:17-30, 5:8 |
| Donderdag, 12 Mei, 18:00 | Aanval of verdedig Efes 6:10-18 |
| Sondag, 15 Mei, 09:00 | Vervul met die Heilige Gees. Efes 5:14-21 |

# GEBEDSBULLETIN

***Tema vir MEI:*** *Huwelike en Gesin*

**Dank die Here hierdie week vir:**

* Die Hemelvaart en die wete dat Jesus vir ons intree by die Vader.
* Die wete dat Jesus sedert sy hemelvaart al die dae by ons almal is tot die voleinding van die wêreld (vgl Matt 28 se belofte).
* Gelukkige huwelike en gesinne.
* Ons gebedsbyeenkomste (die mansgroep op Donderdae groei).
* Die mans (na verwagting tot 100 000) wat die naweek by Middelburg saamtrek.

**Bid hierdie week vir:**

* Studentebearbeiding - dis 'n belegging in die geestelike vorming van môre se leiers. Die fondse wat ons gee, is vir bediening van studente deur Stellenbosch se Kruiskerk en Wellington Moedergemeente (asook Tygerberg en Kaapstad).
* Herlewing in ons dorp - (*Herlewing is wanneer God sy teenwoordigheid openbaar as 'n oorweldigende werklikheid. - Wesley Deuwel).*
* Disfunksionele huwelike en gesinne. Mense wat 'n lewensmaat aan die dood afgestaan het.
* Die Hemelvaart-diens en Pinkster (kerkgebou, Vleesbaai, Santos Haven, Laerskool Park, Kenani, asook 2 byeenkomste by Curro).
* Die Biddag van 15 Mei - alle wêreldlande en dorpe en stede wat saam gaan bid.
* Werkloosheid.
* Woelinge in SA - nou weer oor die minister van Sport se besluit tov transformasie.

**WêRELDDAG VAN GEBED (GDOP):** Mosselbaai sluit aan by die wêreldwye kerk wat op Pinkstersondag bid. Dit het in 2000 plaaslik begin deur Graham Powers met 'n byeenkoms op Nuweland. Kom bid saam 15 Meri 15:30-17:30 by Hillcrest Skool (agter Mikeva). Navrae by ds André.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Annatjie en Pierre Scott Santos Haven, Johan Kemp Blombosch, Elizé Claassen Hofmeyrstr, Alfred Nielson Omicronstr, Gloudine van Niekerk Protea-aftreeoord, Dennis Prins Karveelsingel, John Darlew 17 de Laan, Sophie Joubert Benevolent Park.



**POEDINGVERKOPING:** Volgende Sondag, 8 Mei, verkoop ons poeding ten bate van die Botswana uitreik. Dit sal na kerk (10:00 – 11:00) by die saal beskikbaar wees. Kom kry heerlike basaarpoeding vir R10 per bakkie. Ons kan net op bestelling verkoop. Skakel die kerkkantoor voor Donderdag, of sms jou naam en die hoeveelheid poedings na 0846841304. Bederf iemand vir Moedersdag!

**BOEMELAARSAAND:** Ja regtig! Ons gaan 'n heerlike kuieraand hou saam met die bekende sanger/liedjieskrywer, Stef Kruger. 200-300 van sy liedjies is al deur ander sangers opgeneem, een van die bekendstes is "Pennies op die spoor" van Dozi. Elke liedjie van Stef het 'n storie, en met heelwat humor wat die stories en liedjies inmekaar vleg, gaan die aand heeltemal te vinnig verbygaan. Ons gaan ook smul aan 'n boemelaar ete! Vir pret kan julle boemelaardrag dra, maar dit is nie 'n vereiste nie. Dagboek die datum en kom kuier saam.

| | |
|---|---|
| Datum: | 20 Mei 2016 |
| Tyd: | 18:30 |
| Koste: | R80-00 per volwassene |
| | R50-00 per skoolkind |

Kaartjies by kerkkantoor of uitreiklede beskikbaar. Bespreek asb vroegtydig, dit help met ons beplanning!
Alles ten bate van Botswana uitreik.



**ROSYNTJIES:** Op grond van die groot aanvraag het ons wel weer rosyntjies gekry. Dieselfde groot, soet, heerlike rosyne van Augrabies. Dit kos R40-00 p/kg en is by die kerkkantoor beskikbaar. Skakel vir Robert (044-6912244) as julle dit nie in kantoorure kan afhaal nie.

**PERSKES:** Ons geskilde perskes gaan nou vinnig op 'n einde kom. Daar is slegs 40kg oor. Daar is nog so 100kg ongeskilde perskes oor. Baie dankie vir al die ondersteuning! Ons woeker vir Botswana!

**KOOR UITVOERING:** Siamo Musica koor en Carpe Musicam! orkes het reeds meermale saam in Mosselbaai opgetree. Die koor en orkes tree in die Kerksaal van NG Mosselbaai-Suid op, onder die tema "Die Gees van Pase" met oorwegend klassieke musiek wat die boodskap van Pase uitdra.

Die winste uit hierdie uitvoering gaan aangewend word om vir een van ons koorlede se seun, Wynand Steyn, 'n kwadrupleeg, 'n elektriese rolstoel te koop.

Kontak Terés vir kaartjies of navrae by 082 352 8680.

